

LES 3: DIE FAMILIE VAN YAHWEH

Die meeste kerke preek dat Yahweh uit 'n drie-enigheid bestaan. Volgens die Rooms Katolieke Ensiklopedie bepaal hierdie leëring dat “God” een wese is wat uit drie hipostases of aspekte bestaan. Is dit werklik die skriftelike leëring van die natuur van ons Skepper?

Kom ons kyk na die begin van die skepping om te sien hoe die Hemelse Vader Homself beskryf.

Gen 1:1 In die begin het Elohim die hemel en die aarde geskape.

Die woord wat die Vader geïnspireer het om Homself te beskryf is “Elohim”. Elohim is die Hebreeuse woord vir “god” en word in die meervoud gebruik. “Ei” is die enkelvoud en Elohim is die meervoud. Die meervoudige vorm van die woord verwys dus na meer as een entiteit / “god” en in die familie verband, meer as een persoon, saam as 'n familie.

In die meeste gevalle in die Hebreeuse taal, wanneer “im” aan die einde van 'n woord bygevoeg word verander daardie woord na die meervoudige vorm, alhoewel Elohim ook in die meervoudsvorm gebruik kan word om die grootheid van een “god” aan te dui.

3.1 Hoe kan ons dus seker wees dat Elohim na twee wesens verwys en nie net na een wese se grootheid nie?

*Gen 1:26 En Elohim het gesê: **Laat Ons** mense maak na **Ons beeld**, na **Ons gelykenis**, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.*

Gen 1:27 En Elohim het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van Elohim het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.

Vers 26 gebruik die voornaamwoord “Ons” wat duidelik verwys na meer as een wese. Diegene wat hierdie leëring blindelings ontken kan sê dat die “Ons” na engele verwys, maar in vers 27 word gesê dat die man volgens Elohim se beeld geskape was en nie volgens die beeld van die engele nie.

Yahweh is 'n familie naam en bestaan uit twee lede, en die mensdom is geskape om ook lede van die Yahweh familie te word. Maar het Yahweh engele geskape om ook deel te word as letterlike seuns in Sy familie?

Heb 1:4 terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle.

Heb 1:5 Want aan wie van die engele het Hy ooit gesê: U is my Seun, vandag het Ek U gegeneer? en weer: Ek sal vir Hom 'n Vader wees, en Hy sal vir My 'n Seun wees?

Heb 1:13 En aan watter een van die engele het Hy ooit gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete?

Heb 1:14 Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe nie?

Vanuit hierdie teksverse is dit duidelik dat engele nie geskape was om kinders van Yahweh te word nie, maar dienaars wat Yahweh help om die mensdom na Sy familie te werf.

3.2 Hier volg nog Bybelteks verse wat na meer as een Skepper verwys:

Pred 12:1 En dink aan jou Skepper(s) in die dae van jou jonkheid voordat die ongelukkige dae kom en die jare aanbreek waarvan jy sal sê: Ek het daar geen behae in nie-

Die “s” is hier bygevoeg omdat dit nie so aangebring was in hierdie vertaling nie. In die oorspronklike Hebreeuse teks is die woord in die meervoud wat na meer as een Skepper verwys.

*Gen 3:22 Toe sê die Yahweh Elohim: Nou het die mens geword soos een van **Ons** deur goed en kwaad te ken. As hy nou maar nie sy hand uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet en lewe in ewigheid nie!*

Gen 11:5 Toe daal Yahweh neer om die stad en die toring te besien waaraan die mensekinders gebou het.

Gen 11:6 En Yahweh sê: Daar is hulle nou een volk en het almal een taal! En dit is net die begin van hulle onderneming: nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie.

*Gen 11:7 Kom, laat **Ons** neerdaal en hulle taal daar verwar, sodat die een die taal van die ander nie kan verstaan nie.*

Elohim verwys na twee wesens. Die naam Yahweh is 'n familienaam, daarom word dit gebruik vir beide die Hemelse Vader en Sy Seun.

Deut 6:4 Hoor, Israel, Yahweh onse Elohim is 'n enige Yahweh.

In die oorspronklike Hebreeuse teks verwys die woord “enige” nie na die getal “een” nie. Dit sou “yachid” gewees het. Die woord wat hier gebruik word is “echad”, wat 'n eenheid (engelse “unit”) beteken en in die geval verwys na 'n groep, soos die woord familie. 'n Familie is 'n eenheid wat uit meer as een lid bestaan. Die woord “echad” word ook gebruik in Genesis 2:24 waar geskryf staan dat die man sy vader en moeder sal verlaat en sy vrou aankleef en die twee sal een (“echad”) vlees word.

3.3 Wat is die verhouding van die twee Skeppers?

Spr 30:4 Wie het na die hemel opgeklim en neergedaal? Wie het die wind in Sy vuiste versamel? Wie het die waters in 'n kleed saamgebind? Wie het al die eindes van die aarde vasgestel? Hoe is Sy Naam? En hoe is die Naam van Sy Seun - as jy dit weet? (of : Sekerlik weet jy dit!)

Ps 2:2 Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen Yahweh en teen sy Gesalfde en sê:

Ps 2:6 Ek tog het my Koning gesalf oor Sion, My heilige berg.

Ps 2:7 Ek wil vertel van die besluit: Yahweh het aan My gesê: U is My Seun, vandag het Ek self U gegeneer (na vore gebring).

Die ander Skepper saam met die Hemelse Vader is nie net nog 'n familielid, boodskapper en Messias nie, maar die Seun van Yahweh die Vader.

Joh 3:16 Want so lief het Elohim die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Die Vader en Seun is twee afsonderlike wesens, maar bestaan uit dieselfde gees (Ruach). Dit is hoe hulle 'n eenheid vorm en/of “echad” is. Hulle albei het dieselfde karakter met dieselfde gees van liefde en samewerking.

Meeste mense neem die heidense Gnostiese geloof aan dat die Vader en Seun dieselfde wese is. Indien dit sou is, wie het Yahshua die Messias en Seun van die Hemelse Vader uit die graf verwek? Na wie het Yahshua uitgeroep teen die boom van die kruisiging toe Hy gesê het: “My El My El, hoekom het U my hier gelaat?” Het Hy homself verlaat?

Kom ons kyk na nog 'n paar geskryfte wat bewys dat die Vader en Seun nie een wese is nie.

Joh 5:19 Yahshua het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so.

Joh 8:17 En dit is ook in julle wet geskrywe dat die getuienis van twee mense waar is.

Joh 8:18 Dit is Ek wat van Myself getuig; en die Vader wat My gestuur het, getuig van My.

Joh 1:18 Niemand het ooit Yahweh (die Vader) gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar.

1 Kor 15:24 Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan Yahweh die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het.

1 Kor 15:25 Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het.

1 Kor 15:26 Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood.

1 Kor 15:27 Want Hy het alles aan sy voete onderwerp, maar wanneer Hy sê dat alles onderwerp is, is dit duidelik dat Hy uitgesonder is wat alles aan Hom onderwerp het.

1 Kor 15:28 En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat Yahweh alles in almal kan wees.

Dit is duidelik van die skrifgedeeltes dat die Vader en Seun NIE dieselfde wese is nie, maar wat Hulle verenig is die Heilige Gees (Ruach Ha Kodesh) wat Hulle deel.

3.4 Wat sê die skrif van die Vader en Seun se eie wil?

Matt 26:39 En Hy het 'n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid en gesê: My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.

Yahshua het nooit gesê dat Hy die Vader is nie, maar Hy het wel gesê dat Hy deur die Vader na die aarde gestuur was om Sy Vader se wil te doen. Daar is selfs sekere sake wat die Seun nie eens alles van weet nie, slegs die Hemelse Vader.

Mark 13:32 Maar van daardie dag en dié uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader.

Die apostel Paulus het geprofiteer dat daar in die laaste dae dwaalleerstellings verkondig sal word. Een van die verkeerd geïnterpreteerde leerstellings is dat Yahshua, die Seun van Yahweh, nie ook Elohim is nie en ook nie vooraf en in ewigheid bestaan het nie.

Vanuit die bogenoemde tekste is daar reeds bewys dat Yahshua wel vooraf bestaan het, dat Hy ook Elohim is en dat Hy die mede-Skepper saam met Yahweh die Vader is. Maar daar is meer tekste wat as bewys dien dat die wese van Yahshua die Seun van Yahweh is.

Joh 1:1 In die begin was die Woord, en die Woord was by Elohim, en die Woord was Elohim.

Joh 1:2 Hy was in die begin by God.

Joh 1:3 Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.

Joh 1:14 En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon - en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom - vol van genade en waarheid.

Joh 17:5 En nou, Vader, verheerlik My by Usself met die heerlijkheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was.

Die tekste stipuleer duidelik dat Yahshua Elohim is. Yahshua is nie die Vader nie, maar die Seun wat saam met Yahweh vooraf bestaan het as mede-Skepper van die wêreld.

Yahweh is 'n familienaam. My familienaam is Esposito. My naam en van is Don Esposito, seun van Alfred Esposito. Daar is dus een familie genaamd Esposito, wat onder andere bestaan uit die vader Esposito en die seun Esposito. Dit is dieselfde met Yahweh – 'n familie bestaande uit Yah Yahweh, die Vader en Yahshua Yahweh die Seun, ons Verlosser.

Ps 68:4 (68:5) Sing tot eer van God, Psalmsing tot eer van sy Naam, vul die pad op vir Hom wat deur die woestynvlaktes ry: Yah is sy Naam; en jubel voor sy aangesig!

Ps 68:5 (68:6) 'n Vader van die wese en 'n regter van die weduwees is El in sy heilige woning.

Gen 18:1 Daarna het Yahweh (Yahshua) aan hom verskyn by die terpentynbome van Mamre terwyl hy by die ingang van die tent sit op die warmste van die dag.

Gen 18:2 Toe hy sy oë opslaan en kyk, staan daar drie manne voor hom. En toe hy hulle sien, loop hy hulle tegemoet van die ingang van die tent af en buig hom na die aarde toe.

Johannes 1:18 bewys dat niemand die Vader, Yah Yahweh gesien het nie, daarom weet ons met absolute sekerheid dat dit Yahshua Yahweh was wat Abraham gesien het.

Die volgende vers bevestig dieselfde.

Gen 19:24 En Yahweh (op aarde, met ander woorde Yahshua) het swawel en vuur oor Sodom en Gomorra laat reën van Yahweh uit die hemel,

Yahshua Yahweh was die een wat in Genesis 18 na Abraham gegaan het om vir hom te sê van die vernietiging van Sodom en Gomorra. Genesis 19 handel verder oor Yahshua Yahweh op aarde wat swawel en vuur op Sodom en Gomorra laat reën het vanaf Yah Yahweh uit die hemel. Met die bewyse vanuit die Skrif behoort daar geen twyfel te wees dat Yahweh 'n familienaam is, met Yah Yahweh die Vader en Yahshua Yahweh die Seun. Maar kom ons kyk na nog meer bewyse wat die waarheid staaf.

Jes 44:6 So sê Yahweh, die Koning van Israel en sy Verlosser, Yahweh van die leërskaare: Ek is die Eerste, en Ek is die Laaste, en buiten My is daar geen Elohim nie.

Yahshua Yahweh is die Koning van Israel en Sy (Yahshua) Verlosser is Yah Yahweh (Die Vader) van die leërskaare. Nog 'n teks wat aandui dat Yahshua ook as Yahweh verwys word is in Korintiërs.

1 Kor 15:24 Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het.

1 Kor 15:25 Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het.

1 Kor 15:26 Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood.

1 Kor 15:27 Want Hy het alles aan sy voete onderwerp, maar wanneer Hy sê dat alles onderwerp is, is dit duidelik dat Hy uitgesonder is wat alles aan Hom onderwerp het.

1 Kor 15:28 En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees.

Op 21:1 En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie.

Op 21:2 En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van Yahweh (die Vader) uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.

Op 21:3 En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van Yahweh is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en Yahweh (die Vader) self sal by hulle wees as hulle Elohim.

3.5 Yahshua se hemelvaart en die plek van Sy wederkoms.

Hand 1:1 Die eerste verhaal, Theófilus, het ek opgestel oor alles wat Yahshua begin doen en leer het Hand 1:2 tot op die dag dat Hy opgeneem is, nadat Hy aan die apostels wat Hy uitverkies het, deur die Heilige Gees bevele gegee het;

Hand 1:9 En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem.

Hand 1:10 En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle,

Hand 1:11 wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Yahshua wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.

Hand 1:12 Daarop draai hulle om na Jerusalem van die berg af wat genoem word Olyfberg, wat naby Jerusalem is, 'n sabbatsreis ver.

3.6 Die profesie van Yahshua se wederkoms na die Olyfberg vanuit die Ou Testament.

Sag 14:1 Kyk, daar kom 'n dag vir Yahweh; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne-in jou verdeel word, o Jerusalem!

Sag 14:2 Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap; maar die orige deel van die bevolking sal nie uit die stad uitgeroei word nie.

Sag 14:3 En Yahweh sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van Sy stryd, die dag van oorlog.

Sag 14:4 En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide.

Sag 14:9 En Yahweh sal Koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal Yahweh een wees, en sy Naam een ("echad" soos reeds bespreek, 'n eenheid).

Sag 14:15 En soos hierdie plaag is, sal die plaag wees van die perde, die muile, die kamele en die esels en van al die diere wat in daardie laers is.

Sag 14:16 En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, Yahweh van die leërs, en om die huttefees te vier.

Die gebeure vind reg aan die einde van die oordeelsdag plaas wat ook die begin van die 1000 jaar millennium heerskappy van Yahshua die Messias meebring. Vanuit die bogenoemde skrif kon ons aflei dat, wanneer Yahshua terugkeer na die Olyfberg, Sy naam Yahweh sal wees. Met ander woorde, Yahshua Yahweh die Seun sal op Sy troon sit en met volle gesag oor die hele aarde namens Yahweh die Vader vir die tydperk van 'n 1000 jaar heers(1 Kor 15:24-28). Enige nasies wie nie na Jerusalem gaan om Yahshua Yahweh die Seun te dien nie, sal nie reën van Yahweh ontvang vanuit die hemel nie.

Die volgende Bybel tekste verduidelik wat die beloning sal wees vir diegene wie gedoop is in die naam van Yahshua Yahweh die Messias, wat beteken dat hulle in verbonds verhouding met Hom staan.

Op 20:4 En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Yahshua en oor die woord van Yahweh, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met die Messias die duisend jaar lank.

Op 20:6 Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van Yahweh en van die Messias wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.

Rom 8:11 En as die Gees van Hom wat Yahshua uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat die Messias uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur Sy Gees wat in julle woon.

Rom 8:14 Want almal wat deur die Gees van Yahweh gelei word, dié is kinders van Yahweh.

Rom 8:15 Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader!

Rom 8:16 Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van Yahweh is;

Rom 8:17 en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van Yahweh en mede erfgename van Messias, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word.

Rom 8:18 Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlijkheid wat aan ons geopenbaar sal word nie.

Rom 8:19 Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van Yahweh.

Wanneer ons gedoop word (volkome in die water gedompel) in die naam van Yahshua Yahweh, word ons sondes vergewe en met die oplê van hande deur 'n geordende ouderling, ontvang ons die heilige gees. Daarna is ons Sy ware kinders. Vanaf daardie oomblik moet ons volkome getrou bly in die geloof omdat ons in 'n verbonds verhouding met Yahshua betree het. As getroue dienaars van Yahshua sal ons met Sy wederkoms saam met Hom heers gedurende die 1000 jaar heerskappy. Ons sal nie net saam met Hom heers nie, maar Hy offer die geleentheid aan ons om Sy mede broers en susters te wees; ware kinders van Yahweh en mede erfgename van die heelal. Hoe wonderlik!

Kol 1:12 en die Vader mag dank wat ons bekwaam gemaak het om deel te hê aan die erfdeel van die heiliges in die lig-

Kol 1:13 Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde,

Kol 1:14 in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes.

Kol 1:15 Hy is die Beeld van die onsienlike Elohim, die Eersgeborene van die hele skepping;

Kol 1:16 want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte - alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape.

Kol 1:17 En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand.

Kol 1:18 En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees.

Yahshua, die ware Hoë Priester vanuit die hemel, het vir ons gedoen wat die gewone man nie vir ons kon doen terwyl hul nog onderworpe was aan die Ou verbond nie. Die Messias het namens ons elkeen gesterf en daardeur ons bevry van die boete van ons sondes. Sy dood is meer werd as selfs die skepping van die hemel en die aarde. Wanneer ons verantwoordelikheid neem vir ons sondes, dit volkome bely en toe tree tot die nuwe verbond met Yahshua en Yahweh die Vader, dan word ons letterlike Sy kinders.

Yahshua is die Eersgeborene in die familie van Yahweh en indien ons getrou bly sal ons ook wedergebore word en 'n verandering ondergaan van die vleeslike na die geestelike met Yahshua se wederkoms. Ons sal nie net aangenome kinders wees nie, maar letterlike kinders van Yahweh, gebore met dieselfde gees as Yahweh die Vader en Yahshua die Seun.

3.7 Het die Vader vir ons 'n teken gelos om te weet dat Hy ons Vader is en ons Sy kinders?

Eks 31:12 Verder het Yahweh met Moses gespreek en gesê:

Eks 31:13 Spreek jy met die kinders van Israel en sê: Julle moet sekerlik my sabbatte onderhou, want dit is 'n teken tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek Yahweh is wat julle heilig.

Eks 31:14 Onderhou dan die sabbat, want dit moet vir julle heilig wees. Hy wat dit ontheilig, moet sekerlik gedood word; want elkeen wat daarop werk verrig, dié siel moet uitgeroei word onder sy volksgenote uit.

Eks 31:15 Ses dae lank kan werk verrig word, maar op die sewende dag moet dit wees 'n dag van volkome rus, heilig aan Yahweh. Elkeen wat op die sabbatdag werk doen, moet sekerlik gedood word.

Eks 31:16 En die kinders van Israel moet die sabbat onderhou deur die sabbat te vier in hulle geslagte as 'n ewige verbond.

Eks 31:17 Tussen My en die kinders van Israel is dit vir ewig 'n teken; want in ses dae het Yahweh die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik.

YHWH het vir Sy kinders die Sabbatdag as 'n ewigdurende teken van die verbonds verhouding gelos.

3.8 Is dit noodsaaklik dat Yahweh se kinders daarna moet streef om gehoorsaam te wees aan Sy wette?

Op 22:14 Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.

Op 22:15 Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen.

Op 22:16 Ek, Yahshua, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester.

Alhoewel mens deur die bloed van die Messias gered is moet elkeen nog steeds in alle aspekte streef om gehoorsaam te wees aan die Hemelse Vader in alles wat hulle doen.

Matt 4:4 Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van Yahweh uitgaan.

Dit is die besonderse mooiheid van Yahweh se plan. Hy is nie 'n geslote drie-enigheid nie, maar 'n familie wat bestaan uit Yah Yahweh die Vader en Yahshua Yahweh die Seun, wat deur ons werk om nog meer seuns en dogters te werf vir sy ewige familie in die Koninkryk. Wanneer Sy kinders hul van die vleeslike stand na hul geestelike stand verander sal hulle mede-erfgename wees met Yahshua, die Verlosser van die heelal.

Ef 3:14 Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Meester Yahshua Messias,

Ef 3:15 van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang,

Dit is gaan die verstand te bowe wanneer mens besef dat jy letterlike by die Yahweh familie aansluit na die doop en oplê van hande om die Heilige Gees te ontvang. Dit is amper te goed om waar te wees, maar glo dit, want Yahweh doen gestand met Sy woord. Diegene wat Yahweh lief het en wat geroep word na Hom toe om Sy wil te doen het 'n fantastiese toekoms om na uit te sien!

Kortlikse samevatting:

- 1) Yahweh is 'n familienaam wat bestaan uit Yah Yahweh die Vader en Yahshua Yahweh die Seun.
- 2) Yahweh die Vader en Yahshua, Sy Seun, is twee afsonderlike wesens met dieselfde Gees.
- 3) Yahshua is die mede-Skepper van die heelal en het saam met die Vader vooraf bestaan.
- 4) Wanneer ons gedoop word en die oplê van hande deur 'n geordende ouderling ondergaan, ontvang ons die Heilige Gees sodat ons letterlike kinders van Yahweh word.
- 5) Indien ons volhard in die geloof en getrou bly aan die verbondsbelofte sal ons onderdanig wees aan Yahshua die Messias gedurende Sy 1000 jaar millennium heerskappy en daarna, mede-erfgename saam met Hom oor die heelal tot in alle ewigheid.

Luister na die volgende boodskappe wat op die webtuiste (www.coyhwh.com) beskikbaar is:

- 1) Is Yahshua Elohim?
- 2) Do you know your Saviour?
- 3) Is belief in the Yahweh Family Idolatry?